Welkom-Gimnasium

✉ 166. Welkom 9460. ☎ (057) 352-4985/6: 352-7711
(057) 352-4419
E-pos/mail: admin@wgim.co.za
Webtuiste: www.welkom-gimnasium.co.za

Skoolhoof/Principal: J.P. Slabbert

1953

OUEROMSENDBRIEF 04/2018

Geagte Ouers

Graag deel ons die volgende belangrike inligting met u.

1. SKOOLGELD

Op die ouervergadering soos gehou op Dinsdag, 13 November 2018, is die volgende tariewe vir 2019 goedgekeur.

Skoolgeld vir 2019 beloop **R12 100.00.**

Die eerste betaling van **R600.00** is betaalbaar voor/op **11 Januarie 2019** met ontvangs van boeke. Daarna is 10 (tien) paaiemente van R1 150.00 verskuldig. Die eerste van hierdie paaiemente is teen die **einde van Januarie 2019** betaalbaar. Indien u die volle **uitstaande** skoolgeld (R11 500.00) voor/op **28 Februarie 2019** vereffen, kwalifiseer u vir 5% afslag (R605.00).

Indien u egter voor/op 31 Desember 2018 u skoolgeld vir 2019 betaal, kwalifiseer u vir 'n afslag van 7,5% (R907.50). Die verskuldigde bedrag beloop dus dan R11 192.50.

2. KOSHUISGELD

Koshuisgelde vir 2019 beloop **R2 200.00** per maand en die eerste (van 11) paaiement is betaalbaar by skoolheropening.

3. BUSGELDE

As gevolg van stygende brandstofkoste, is ons genoodsaak om die tariewe as volg te verhoog.

3.1 RIEBEECKSTAD-ROETE

Die prys per rit styg na **R6,50**. (R130.00 per kaartjie vir 2 weke).

3.2 VIRGINIA-ROETE

Die prys per rit styg na **R8,50**. (R170.00 per kaartjie vir 2 weke).

Ons vra u dringend om asseblief hiervoor te begroot.

Die uwe

J.P. SLABBERT
SKOOLHOOF
19/11/2018